

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

MOSES NHLAPO Appellant

EN

DIE STAAT Respondent

Coram: JOUBERT AR, CILLIÉ, et GALGUT, Wn ARR

Verhoor: 6 September 1985

Gelewer: 13 September 1985

U I T S P R A A K

CILLIÉ, Wn AR :

Die appellant het saam met ene Abram Tlake, hierna die tweede beskuldigde genoem, in die Rondgaande Afdeling van die Hooggeregshof, Oranje Vrystaat, tereggestaan op 'n aanklag van

huisbraak met die opset om te roof en roof met verswarende omstandighede. Op 10 Desember 1984 is hulle albei skuldig bevind soos aangekla. Die verhoorregter het in die uitoefening van sy diskresie en soos gemagtig deur art 277(1)(a) en (c) van die Strafproseswet, 51 van 1977, die appellant die doodvonnis opgelê. Die tweede beskuldigde is gevonniss tot twintig jaar gevangenisstraf. Die verhoorhof het aan die appellant verlof toegestaan om teen sy straf te appelleer

"op die volgende gronde,

- (a) dat die verhoorregter sy diskresie verkeerdelik of onredelik uitgeoefen het deur die doodstraf op te lê, en
- (b) dat die verhoorregter te min gewig gegee het aan die persoonlike omstandighede van die appellant."

Die tweede beskuldigde kom nie in hoër beroep nie.

Die aanvaarde en wesenlike feite van die saak kan soos volg saamgevat word. Die misdaad is op Maandagaand, 20

Februarie, 1984, gepleeg by die huis van die 72 jarige mev I de

Wet van Petrus Steyn; mev De Wet het alleen in die huis gewoon.

Die appellant en die tweede beskuldigde het op die betrokke aand

n sirkusterrein op die dorp besoek. Omdat hulle nie genoeg geld

gehad het om vir hulle toegang tot die vertoning te betaal nie,

moes hulle huis toe gaan. Op pad terug, teen ongeveer nege-uur,

het hulle besluit om by die huis van mev De Wet in te breek.

Die verhoorregter het op goeie gronde bevind dat hulle saam be-

sluit en opgetree het en dat die een nie die ander gedwing of be-

invloed het nie; hulle was mededaders. Die verhoorhof het ook

nie aanvaar dat hulle geglo het dat daar niemand in die huis teen-

woordig was nie. Volgens die hof se bevinding was hulle oogmerk

om in te breek, te steel en, indien nodig, te beroof. Hulle het

toegang tot die huis verkry deur die ruit van n venster te

verwyder en in te klim. Hulle het die huis deursoek. Mev

De Wet het wakker geword en het van haar bed af opgestaan net toe hulle die slaapkamer binnekom. Hulle het haar aangeval en op die vloer neergegooi. Daar het die een haar vasgedruk terwyl die ander na geld gesoek het. Op een tydstip het die twee omgeruil. Sy het geworstel en wou, volgens hulle, nie stilbly nie. Daarom het albei haar met 'n mes gesteek en haar verskeie wonde, waarvan party ernstig was, toegedien. Die verhoorhof kon nie vasstel wie se mes dit was en wie die ernstige wonde veroorsaak het nie. Hulle soekery het R190 opgelewer en daarmee is hulle uiteindelik weg. Hulle het mev De Wet beseerd, bloeiend en bewusteloos op haar slaapkamervloer gelaat; die deur van die kamer het hulle van buite gesluit. Voordat hulle die huis verlaat het, het hulle die telefoondraad afgesny. Mev De Wet is eers Woensdagoggend

gevind. Op dieselfde dag het die appellant en die tweede beskuldigde saam Petrus Steyn verlaat. Hulle is dae later in Sasolburg in hegtenis geneem.

Hierdie feite toon onteenseglik dat die misdaad in verswarende omstandighede gepleeg is. Hoe ernstig die misdaad beskou word, blyk onder meer uit die feit dat die Wetgewer in so 'n geval die verhoorregter die mag verleen om, na sy goeë dunde, die doodstraf op te lê. Daar hoef nie verder uitgebrei te word oor die ernstigheid van die misdaad nie. Wat die ondersoek na 'n gepaste vonnis betref, moet aandag verder geskenk word aan die belange van die gemeenskap en die persoonlike omstandighede van die oortreder, dit is die appellant.

Met betrekking tot die belange van die gemeenskap wys die verhoorregter daarop dat aanvalle op bejaarde en weerlose

mense in hulle wonings in sy provinsie aan die toeneem is, dat bejaardes vreesbevange is en dat dit die hof se plig is om boosdoeners af te skrik. Hy sê van hierdie geval:

"n Lang periode van gevangenis sal na my mening nie die mate van afskrikking verleen of teweegbring wat die feite van hierdie saak verg nie en dit sal nie die beskerming waarop die gemeenskap geregtig is, teen n persoon soos beskuldigde 1 aan hom verleen nie. n Lang termyn van gevangenisstraf sal tot gevolg hê dat beskuldigde 1 op n later stadium weer toegelaat sal word tot die samelewing en dan sal hy waarskynlik nog gevaarliker wees vir die samelewing as wat hy was toe hierdie misdaad gepleeg is."

Dit is ongetwyfeld waar dat die misdryf n besonder ernstige een is en dat die gemeenskap met reg sou kon aandring dat die straf sodanig moet wees dat dit ander boosdoeners waarskynlik sal afskrik en inwoners mag beveilig. Nogtans, by die toemeting van n gepaste straf moet hierdie sake opgeweeg word teen die belange van die persoon wat gestraf moet word. In hierdie verband

het die verhoorregter as strafoplegger, myns insiens, te veel gewig aan die gemeenskapsbelang en te min aan die appellant se omstandighede gegee, soos ek nou sal aantoon.

In 'n bespreking van die appellant se persoonlike aangeleenthede is sy misdaadloopbaan soos volg deur die verhoorregter opgesom:

"Op 15 Januarie 1979 is hy skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Hy is gevonnissen ingevolge artikel 294 van Wet 51 van 1977 tot vyf houes met 'n ligte rottang. Op 24 April 1980 is hy skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal en gevonnissen tot sewe houes met 'n ligte rottang. In beide gevalle was ingebreek by 'n woning. Op 17 Junie 1980 is hy skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Weer het hy by 'n woning ingebreek. Hierdie keer is hy gevonnissen tot vyf houes met 'n ligte rottang. Op 21 Julie 1980 is bevel dat beskuldigde 1 na 'n verbeteringskool gestuur word waar hy was tot 1982. Op 15 Februarie 1983 is hy skuldig bevind op twee klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. In die tweede geval is ingebreek by 'n besigheidspersoneel. Hy is op elke klag gevonnissen tot twaalf maande gevangenisstraf, waarvan ses maande gevangenisstraf

voorwaardelik opgeskort is vir drie jaar. Op die nag van 19-20 Februarie 1984, dit wil sê die nag voor die misdaad waarvan hy nou skuldig bevind is, het hy weer huisbraak met die opset om te steel en diefstal gepleeg en is toe gevonniss tot twaalf maande gevangenisstraf en die opgeskorte vonnis is in werking gestel."

Die volgende aangeleenthede dien in verband met hierdie straflys gemeld te word. Ten eerste, die appellant is vir die eerste keer as gevolg van 'n skuldigbevinding gestraf toe hy nog nie veertien jaar oud was nie. Die misdaad wat hier behandel word, het hy gepleeg toe hy, op enkele weke na, 19 jaar oud was. Sy loopbaan as misdadiger het skaars vyf jaar geduur en van daardie tydperk het hy ongeveer twee jaar in 'n verbeteringskool deurgebring. Ten tweede, dit blyk nie uit hierdie lys van vorige oortredings asof die appellant tevore alreeds enige misdaad gepleeg het wat geweldig was of waarby daar enige verswarende omstandighede teenwoordig was nie. Ten derde, behalwe vir sy

verblyf as jong seun in 'n verbeteringskool, het hy nog nie 'n swaar en lang straf moes uitdien waar hy kon toon of hy vir hervorming vatbaar is nie. Met betrekking tot hierdie aangeleentheid sê die verhoorregter in sy uitspraak oor die vonnis die volgende:

"Betreffende die moontlikheid van hervorming, is ek van mening dat dit 'n baie geringe moontlikheid is. Beskuldigde 1 se geskiedenis van misdaad waartydens hy reeds behandeling ontvang het by 'n verbeteringskool, toon myns insiens eerder dat ons hier te doen het met 'n persoon wat 'n misdadiger-loopbaan doelbewus ingeslaan het. Ek sien baie min kans op hervorming van hom deur 'n lang termyn van gevangenisstraf."

Sonder om oornoukeurig te wees, moet ek tog daarop wys dat die verhoorregter nie alle moontlikheid van hervorming uitsluit nie. Dit kan ook nie in hierdie geval gedoen word nie; daar kan nie sonder meer aanvaar word dat hy reeds so'n geharde misdadiger geword het dat daar geen moontlikheid van hervorming bestaan nie. Hy is nog nie 'n volgroeide man nie en 'n lang

tydperk van gevangenisstraf mag wel goeie gevolge hê, selfs in 'n

geval soos hierdie waar die verhoorregter tot die gevolgtrekking

gekom het dat die appellant uit inherente boosheid opgetree het.

Die regter sê onder andere:

"Beskuldigde 1 se jeugdigheid word gevolglik as 'n versagtende omstandigheid uitgeskakel deur die feit dat hy uit inherente boosheid opgetree het."

Daar is egter niks om aan te toon dat die "inherente boosheid"

die appellant se jeugdigheid as 'n faktor by moontlike hervorming

uitskakel nie.

Na oorweging van al die aangeleenthede genoem, het

ek tot die gevolgtrekking gekom dat die verhoorregter gefouteer

het in die uitoefening van sy diskresie by die bepaling van die

vonnis, veral met betrekking tot die gewig wat aan die appellant

se persoonlike omstandighede gegee moes word. Hierdie Hof is

derhalwe by magte om in te meng en die opgelegde vonnis ter syde te stel.

Die advokate het hierdie Hof versoek om, indien h vervangende vonnis opgelê moet word, self te bepaal wat die vonnis moet wees. Namens die appellant is betoog dat die vonnisse van die twee oortreders dieselfde moes gewees het. By gebrek aan enige betoog oor die gepastheid van die tweede beskuldigde se straf, word daardie aangeleentheid by die bepaling van die appellant se straf buite rekening gelaat. Na oorweging van al die relevante getuienis en omstandighede asook die bestaande riglyne by strafoplegging, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die verhoorregter nie die doodvonnis moes opgelê het nie en dat twintig jaar gevangenisstraf h gepaste straf vir die appellant sou wees.

Die Hof se bevel is:

1. Die appèl slaag en die appellant se vonnis word tersyde gestel.
2. In die plek van die tersydegestelde vonnis word twintig jaar gevangenisstraf opgelê.

P M CILLIÉ, Wn AR

JOUBERT, AR)
 stem saam
GALGUT, Wn AR)